# WILLIAM H DRAY EN DIE KRISIS VAN DIE GESKIEDENIS

**G R Allen**
*Universiteit Vista, Soweto*

Vandag verkeer die Geskiedenis in 'n krisissituasie. In sommige kringe word beweer dat die Geskiedenis in 'n doodloopstraat is: dat sy metodologie verouderd en soms onwetenskaplik is en dus nie noemenswaardige resultate kan oplewer nie. Trouens, selfs die bestaansreg van die Geskiedenis as wetenskap word in twyfel getrek. Dit is dus nie verbasend dat Suid-Afrikaanse historici op soek is na metodologiese vernuwings wat die situasie kan red nie. Die twee hoofrigtings waarin hierdie vernuwings tans in Suid-Afrika gesoek word, is die Neo-Marxisme van die sogenaamde "Radikale Geskiedskrywing" en die Strukturalisme van die "Annales-skool". Terwyl ek vir albei stromings waardering het en nie sou wou ontken dat hulle belangrike bydraes tot die stand van historiese kennis gelewer het nie, is hierdie benaderings, gesien vanuit my verwysingsraamwerk, ongebalanseerd. Dat die Neo-Marxisme 'n materialistiese filosofie is, is algemeen bekend. Maar so ook het die Strukturalisme van die Annales-skool 'n goeie klap van die materialisme weg. Dáárvan getuig hulle belangstelling in faktore soos die invloed van die geografie of van pryswisselings op die verloop van die geskiedenis.

Dat materialistiese en ekonomiese faktore 'n merkbare invloed op die verloop van die geskiedenis uitoefen, kan nouliks ontken word, maar dat hulle egter die stuurkrag agter die geskiedenis is, is myns insiens moeilik aanvaarbaar. So 'n siening spruit na my mening uit 'n verskraalde mensbegrip. Aangesien die Geskiedenis per definisie oor die menslike verlede handel, moet so 'n mensbeskouing noodwendig tot 'n verarmde geskiedskrywing lei. Naas die Neo-Marxisme en die Strukturalisme wil ek dus ook die denkrigting van William Dray voorstel as 'n vrugbare moontlike benadering in die soeke na metodologiese vernuwing.

William H. Dray is nie 'n historikus nie, maar 'n filosoof met 'n besondere belangstelling in die wetenskapsfilosofie van die Geskiedenis. Aangesien hy sy doktorsgraad in die Filosofie in die vyftigerjare te Oxford behaal het, is dit nie verbasend nie dat hy 'n aanhanger is van die Analitiese Wysbegeerte, en wel van daardie vertakking wat as *Ordinary Language Philosophy* bekend staan. Hierdie verbintenis is vir Dray se werk toonaangewend en is myns insiens die rede hoekom sy werk vir die praktyk van geskiedskrywing so relevant is.

Die doel van *Ordinary Language Philosophy* is die oplossing van filosofiese probleme deur die uitlê van die inhoud van relevante begrippe. Deur helderheid dáároor te bewerkstellig, word verwag, sal nuwe lig op die betrokke probleem gewerp word. Aangesien *begrippe* nie vir ons toeganklik is nie, poog *Ordinary Language*-filosowe om by die inhoud daarvan uit te kom deur 'n analise te maak van die gebruik (dit wil sê: die betekenis) van die *terme* waardeur die begrip aangedui word, binne die spesifieke konteks waarin die terme gebruik word. Deur hierdie werkswyse te volg, kom Dray by sowel sy verklaringsbegrip as sy verklaringsmodel uit.

Dray se analise van die gebruik van die term "verklaring" soos dit in die konteks van die geskiedskrywing aangewend word, lei hom tot 'n belangrike gevolgtrekking, naamlik dat 'n stelling slegs 'n "verklaring" genoem mag word indien dit voldoen aan 'n behoefte aan verklaring. Indien daar geen behoefte aan verklaring bestaan nie, mag

ons volgens Dray hoogstens van "vertelling" praat, maar beslis nie van verklaring nie.[1]

Uit bostaande gevolgtrekking volg die minimumvoorwaarde vir verklaring wat Dray daarstel, naamlik die opheldering van raaiselagtigheid — *"the clearing up of puzzlement"*.[2] Om raaiselagtigheid aangaande die handelinge van mense van die verlede op te helder, stel Dray 'n bepaalde verklaringsmodel voor. Aan die hand van analises van voorbeelde uit die geskiedskrywing, voer Dray aan dat sy model nie oorspronklik is nie: dit word reeds deur historici gebruik. Sy aandeel in die model is slegs dat hy 'n huidige praktyk geïdentifiseer, gesistematiseer, verfyn en logies uitgelê het. Die produk van hierdie proses noem Dray die Rasionele Model vir Historiese Verklaring (*the Rational Model*). Volgens Dray is dit teoreties moontlik om alle menslike handelinge aan die hand van hierdie model te verklaar.

Die benaming "*Rational Model*" is waarskynlik 'n ongelukkige keuse, want onder baie van Dray se teenstanders het dit die indruk geskep dat Dray van mening is dat alle menslike handelinge objektief rasioneel is, en as sodanig verklaar moet word.

So 'n standpunt sou blatante onsin wees, maar dit is nie die siening wat Dray huldig nie. Vir Dray dui die term "*rational*" nie op 'n objektiewe rasionaliteit van handelinge nie, maar op 'n subjektiewe rasionaliteit — 'n rasionaliteit in die oë van die agent op daardie stadium toe hy opgetree het. Met ander woorde, Dray beweer nie dat alle handelinge volgens objektiewe maatstawwe rasioneel is nie, maar slegs dat die agent 'n rede vir sy handeling gehad het, wat volgens sy oordeel goed was op daardie punt in tyd en ruimte waar hy moes optree. Om hierdie betekenis beter tuis te bring, staan die *Rational Model* soms bekend as *Good Reason Explanation*.

Hierdie benaming is egter ook onduidelik, want dit het al tot die beskuldiging gelei dat Dray se model slegs 'n middel is tot die verdediging van handelinge wat eties afgekeur behoort te word. Dit is ook 'n wanindruk. Om hierdie redes verkies ek om van die Rasion*aal*model te praat, want Dray se teorie is dat ons 'n handeling moet verklaar deur die rasionaal (Engels: rationale) daaragter vas te stel en uit te lê.

In essensie is die rasionaalmodel dus baie eenvoudig, maar tog word dit verbasend dikwels verkeerd verstaan. Dray se eie uiteensetting van die model is verreweg die duidelikste. Hy skryf: "When an historian sets out to explain an historical action, his problem is usually that he does not know what reason the agent had for doing it. To achieve understanding, what he seeks is information about what the agent believed to be the facts of his situation, including the likely results of various courses of action open to him, and what he wanted to accomplish: his purposes, goals or motives. Understanding is achieved when the historian can see the reasonableness of a man's doing what this agent did, given the beliefs and purpose referred to; his action can then be explained as having been an 'appropriate' one. The point I want to emphasize is that what is brought out by such considerations is a conceptual connection between understanding a man's action and discerning its rationale."[3]

Met ander woorde, indien ons 'n handeling wil verstaan, moet ons ons in 'n sekere sin in die agent se posisie kan plaas. Trouens, ons moet sy omstandighede kan waarneem deur sy oë (nie ons eie nie) en met inagneming van sy waardes, norme, doelstellings, voor- en afkeure, besondere persoonlikheidstrekke, eie siening van die situasie en van die waarskynlike gevolge van die verskillende moontlike handelinge en

1. William Dray: "Explanatory Narrative in History", in: *Philosophical Quarterly*, IV, 1954, pp. 21—23, 27.
2. William Dray: "The Historical Explanation of Actions Reconsidered", in: R.H. Nash (red.): *Ideas of History*, Vol. 11, (E.P. Dutton & Co, New York, 1969), p. 109.
3. *Ibid.*

dies meer. Slegs só sal ons die werklike redes (rasionaal) vir 'n agent se handeling kan bepaal. Deur hierdie begripsverbintenis tussen die agent se oortuigings, gevoelens en motiewe en sy handeling te bewerkstellig, sal ons volgens Dray in staat wees om deur middel van 'n rasionaalverklaring 'n bevredigende antwoord te verskaf op vrae soos: "Hoe kon A, van alle mense, x gedoen het?" of "Hoekom het B juis y gedoen?"

Saam met Peter Winch, veronderstel Dray dat sinvolle gedrag, dié gedrag is waarvoor daar een of ander rede bestaan.[4] Die vraag ontstaan dus of ons 'n rasionaalverklaring kan bied vir doelgerigte of betekenisvolle gedrag waar die agent sonder nadenke — bloot "instinktief" of "in 'n oomblik" en moontlik sonder om enige bewuste besluit daaroor te neem — opgetree het.

Die probleem waarmee Dray hier te doene het, is dat hy van rasionaalverklaring praat as "die rekonstruksie van die agent se berekening" van wat die aangewese handeling sou wees.[5] In die bogenoemde gevalle sou die agent natuurlik nie 'n berekening vooraf maak nie en kan ons dus nie van rekonstruksie praat nie, maar slegs van konstruksie. Die vraag is dan of 'n rasionaalverklaring nie in sodanige gevalle 'n fabrisering van die geskiedenis sou wees nie.

Dray erken dat daar in sodanige gevalle geen berekening sou wees om te *re*konstrueer nie, maar dit is vir hom irrelevant. Per definisie is enige gedrag wat doelgerig is, gedrag waarvoor die agent (bewus of onbewus) 'n rede gehad het. Dit impliseer dat daar wel 'n berekening bestaan wat vir die bepaalde gedrag gekonstrueer sou kon word, indien die agent nie daarsonder kon insien wat hy moes doen nie, dit wil sê, indien hy nie intuïtief geweet het wat om te doen nie. Trouens, indien die agent ná die tyd ondervra sou word, of self wou vasstel hoekom hy so opgetree het, sou hy self hierdie berekening moes opstel voordat die rasionaal van sy optrede vir selfs homself duidelik sou word. Die "berekening" waarvan Dray praat, is dus slegs die analise en stap-vir-stap-uitleg van die rede vir die agent se handeling. Wanneer ons aan die hand van die rasionaalmodel verklaar, hoef ons nie te insinueer en nog minder te sê dat die agent wel die berekening gemaak het nie. Mits ons dit nie doen nie, is dit dus heeltemal geoorloof om 'n onbeplande handeling met 'n rasionaalverklaring te verklaar.[6]

Dit is duidelik dat Dray se argument, alhoewel logies korrek, besondere gevare vir die praktiserende historikus inhou. Indien navorsing nie bewys kan lewer dat die agent wel die berekening gemaak het nie, hoe kan daar dan bepaal word of die berekening wat opgestel is, wel die korrekte een is? Net so belangrik is die probleem van hoe om te onderskei tussen 'n egte berekening en 'n rasionalisasie wat ná die tyd uitgedink is om 'n swak handeling te probeer regverdig.

Aan hierdie probleme bestee Dray weinig aandag, waarskynlik omdat hy hulle tereg as metodiese eerder as metodologiese probleme beskou en die oplossing daarvan in die hande van 'n ervare historikus eerder as van 'n filosoof wil laat. Wat hy wel erken, is dat die opstel van so 'n berekening besondere gevare inhou en dat die eindproduk dus uiters krities ondersoek moet word.[7]

Alhoewel Dray nie breedvoerig daaroor skryf nie, gee hy tog 'n aanduiding van hoe ons die inligting waaruit hierdie berekenings bestaan, moet bekom. Volgens hom is dit absoluut noodsaaklik dat 'n rasionaalverklaring die produk van behoorlike

4. Vergelyk Peter Winch: *The Idea of a Social Science and its Relation to Philosophy* (Routledge & Kegan Paul, London, 1971), p. 45.
5. William Dray: *Laws and Explanation in History* (Oxford University Press, Londen, 1960), p. 122.
6. *Ibid.*, p. 123.
7. *Ibid.*

wetenskaplike ondersoek moet wees en slegs inligting wat uit aanvaarbare historiese bronne versamel word, mag bevat. Die opstel van 'n rasionaalverklaring aan die hand van wat die historikus self onder die agent se omstandighede sou gedoen het, is 'n praktyk wat onwetenskaplik is en meer vir die skrywer van 'n historiese roman as vir 'n historikus geskik is: "To get inside Disraeli's shoes the historian does not simply ask himself: 'What would I have done?'; he reads Disraeli's dispatches, his letters, his speeches & c. ... in the hope of appreciating the problem as Disraeli saw it."[8]

Daar mag gevoel word dat die rasionaalmodel eintlik net die tradisionele Idealistiese dogma van *Verstehen* in 'n nuwe kleed is. Daar is wel 'n groot mate van ooreenstemming tussen die twee, maar daar is ook twee belangrike verskille. Die eerste is dat Dray nie besig is om 'n nuwe metode vir die verstaan van handelinge aan historici te verkondig nie. Hy is, met rede, van mening dat historici reeds van rasionaalverklarings gebruik maak en sy doelwit is om 'n informeel-logies analise te maak van hoe die verklaring van handelinge op aanvaarbare wyse tans in die Geskiedenis aangepak word.[9]

Die tweede verskil lê in die rol wat Dray aan die *verstehende* metode toeken: vir hom is dit nie 'n verbeeldingryke empatie wat die historikus as ontdekkingsmetode kan aanwend nie, maar 'n middel tot die verstaan en verklaar van reeds bekende feite wat op empiriese bronnenavorsing berus. Volgens Rossman, sien Dray *verstehen* as 'n metafoor wat by ons die feit moet tuisbring dat die historikus aan 'n sekere vereiste moet voldoen voordat hy 'n bepaalde handeling kan verklaar.[10] Eenvoudiger gestel, die vermoë om homself in 'n bepaalde agent in te projekteer, is vir die historikus 'n aanduiding dat hy die agent en sy handeling verstaan en dus oor voldoende empiriesnagevorsde kennis beskik om daardie handeling te verklaar.

Die doel van die rasionaalmodel is dus nie die ontdekking van feite nie. Dit is eerder, op sy breedste gestel, om enige raaiselagtigheid aangaande menslike handelinge te verhelder (*to clear up puzzlement concerning human actions*). Volgens Dray kan dit slegs geskied as ons die rasionaal van die handeling in ons verklaring kan opneem. Daar moet egter nie gedink word dat enige verklaring van 'n optrede wat na die bewussyn of geestestoestand van 'n agent verwys, 'n rasionaalverklaring is nie. Die verklaring van 'n handeling in terme van die agent se disposisie, byvoorbeeld, verskil wesenlik van 'n rasionaalverklaring.

Terwyl Dray blykbaar bereid is om Ryle se analise van disposisie soos hy dit in *The Concept of Mind* uiteensit, te aanvaar, staan hy redelik skepties teenoor Patrick Gardiner se toepassing daarvan om handelinge te verklaar.[11] 'n Belangrike aspek van Dray se beswaar teen Gardiner se disposisiemodel is dat dit verklaring "van buite" is en dus tot "toeskouerisme" moet lei. (Rasionaalverklaring geskied natuurlik "van binne").

Dray se standpunt ten opsigte van verklaring in terme van wette of wetmatighede wat oor die bewussyn handel, is nog duideliker. Om filosofiese redes ontken hy die moontlikheid van verklaring in terme van wette of wetmatighede binne die geskiedenis. Sodanige pogings tot verklaring mag dus onder geen omstandighede aan rasionaalverklarings gelykgestel word nie.

8. *Ibid.*, p. 129.
9. *Ibid.*, p. 121.
10. Neil Rossman: "On Ratoinal Explanation in History", in: *Philosophical Studies* (Ireland), XVI, 1967, p. 119.
Vergelyk William Dray: *Laws and Explanation in History*, pp. 142—155 en Patrick Gardiner: The Nature of Historical Explanation, Oxford, 1952.

Die rede hoekom Dray nie hierdie ander moldelle as dele of alternatiewe vorms van rasionaalverklaring wil aanvaar nie, lê in die besondere doel van rasionaalverklaring. 'n Rasionaalverklaring is nie 'n poging om vir ons te wys dat die agent se optrede "in karakter" was nie — dat hy 'n bepaalde soort persoon was en dat ons sy optrede sou kon verwag nie. Nog minder is dit die doel van 'n rasionaalverklaring om vir ons te wys dat 'n bepaalde handeling een van 'n klas is wat onder 'n sekere gedragswet val en dus heeltemal voorspelbaar was. In hierdie opsig is Dray se verklaringsbegrip uiters indiwidualisties. Die doel van 'n rasionaalverklaring is nie om daarop te wys dat 'n bepaalde handeling of agent een van 'n groep is en dus nie vir ons raaiselagtig behoort te wees nie. Dit is eerder om te wys dat die unieke optrede van 'n bepaalde agent nie onvanpas was nie omdat die agent redes vir sy optrede gehad het wat, soos hý sake gesien het, goed was. Hierdie redes word natuurlik in die verklaring opgeneem.

Die belang van hierdie verskil sal duidelik word indien ons 'n paar voorbeelde bestudeer. Gestel 'n verklaring word benodig vir waarom Rhodes die Z.A.R. deur middel van die Jameson-inval onder Britse gesag wou bring. 'n Disposisieverklaring sou kon wees dat Rhodes 'n vurige Britse Imperialis was en daarom die Jameson-inval van stapel gestuur het. Meer eksplisiet uitgelê: Rhodes was iemand wat geglo het in die uitbouing van die Britse Ryk ten alle koste en dit is dus nie verbasend dat hy die Jameson-inval laat loods het nie — ons sou dit van enige Britse Imperialis kon verwag het.

Die disposisieverklaring impliseer dat Rhodes se optrede nie raaiselagtig was nie — 'n behoefte aan verklaring was dus onvanpas — want Rhodes se portuurgroep was geneig tot sulke optrede. Dit verklaar egter nie hoekom één spesifieke Britse Imperialis (Rhodes), één spesifieke handeling (die loods van die *Jameson*-inval) verrig het nie. Ons belewenis van raaiselagtigheid word dus nie opgehelder nie, maar dit word — afhangende van hoe ons op die disposisieverklaring reageer — óf as ongeldig uitgewys (indien ons die verklaring aanvaar) óf veralgemeen om alle Britse Imperialiste in te sluit (indien ons besef dat ons nog nie weet hoekom Rhodes en sy mede-imperialiste so opgetree het nie.)

'n Verklaring in terme van die nomologies-deduktiewe model van Carl Hempel[12] sou min of meer dieselfde kon lui, maar die rolstawende gronde van die verklaring sou daarin opgeneem wees. Dit sou soos volg kon lui: "Rhodes was 'n vurige Britse Imperialis en was ook in 'n posisie waar 'n suksesvolle aanval op die Z.A.R., die Britse Ryk sou uitbou. Britse Imperialiste van die negentiende eeu was geneig om, waar moontlik, op te tree om die Britse Ryk uit te bou en daarom het Rhodes die Jameson-inval laat loods. Die beswaar hierteen is dieselfde as teen die disposisieverklaring — ons weet nog nie hoekom juis *Rhodes*, juis die *Jameson-inval* laat loods het nie.

'n Verdere beswaar wat teen albei voorbeelde ingebring sou kon word, is dat die rolstawende gronde van albei ruimte laat vir uitsonderings — nie alle Britse Imperialiste het altyd daadwerklik opgetree om die Britse Ryk te probeer uitbou nie. Hulle is dus hoogstens waarskynlike verklarings.

'n Rasionaalverklaring is 'n verklaring van binne — soos die agent dit self gesien het. Dit handel spesifiek oor die betrokke geval en laat geen ruimte vir uitsonderings waardeur die geval onder bespreking op die laaste oomblik sou kon deurglip nie. Dit verklaar wel hoekom één bepaalde agent één spesifieke handeling verrig het. Met die aanvaarding van die inhoudelike korrektheid van die volgende voorbeeld, sou 'n

12. Vergelyk Carl G. Hempel: "Reasons and Covering Laws in Historical Explanation", in: Sidney Hook (red.): *Philosophy and History. A Symposium.* (New York University Press, New York, 1963), pp. 143—163.

rasionaalverklaring van waarom Rhodes die Jameson-inval van stapel gestuur het, min of meer soos volg kon wees: Rhodes se *droom* was om Afrika vanaf die Kaap tot in Kairo 'n Britse besitting te maak en daarom *wou* hy die Britse vlag oor die Z.A.R. sien wapper. Uit sy *kennis* van die sterk nasionalistiese en anti-Britse gees onder die Boere, het hy *afgelei* dat dít alleenlik deur geweld sou kon geskied. Daarom het hy besluit dat die Republiek binnegeval moes word. Rhodes het besef dat die ekonomiese en politieke klimaat van die tyd 'n volskaalse aanslag deur óf Brittanje óf die Kaapse regering onmoontlik gemaak het en was ook onder die *wanindruk* dat 'n volskaalse oorlog nie nodig sou wees nie. Rhodes het *geglo* dat President Kruger nie op die steun van al sy burgers kon staatmaak nie en dat die ontevredenheid onder die Uitlanders ernstig genoeg was om hulle in opstand te bring. Rhodes se selfvertroue, wat op hierdie stadium hom nooit laat *twyfel* het dat sy planne sou slaag nie, en die *kennis* dat hy die nie-amptelike steun van die Britse regering geniet het, het daartoe gelei dat hy nie die nodigheid van 'n deeglik-opgeleide invalsmag met ervare leierskap kon *insien* nie. Daarom was hy van *mening* dat Jameson (sy grootste en mees getroue vriend) en sy B.S.A.-polisie, die ideale instrumente vir die oorname van die Z.A.R. was. In die lig van al hierdie *oorwegings* gesien, het Rhodes dit *goed gevind* om die Jameson-inval te loods.

Soos uit hierdie voorbeeld blyk, is die spesifieke doel van 'n rasionaalverklaring om 'n bepaalde gehoor se belewenis van raaiselagtigheid aangaande 'n handeling te verhelder deur die verskaffing van die bepaalde agent se *redes* (soos hulle uit 'n wetenskaplike studie van beskikbare bronne blyk) oor waarom hy die handeling verrig het of hoe hy die handeling kon verrig het. Dit is 'n spesifieke verklaring en laat dus geen ruimte vir uitsonderings nie. Dit is ook dieper, vollediger en metodies meer veeleisend as 'n disposisieverklaring of nomologies-deduktiewe verklaring.

'n Baie waardevolle eienskap van die rasionaalmodel, en een wat nie altyd raakgesien word nie, is die omvang van sy skopus: dit is, om Winch se term weer te gebruik, geskik vir die verklaring van alle sinvolle gedrag. Talle van Dray se kritici wil die skopus van die model inperk, maar baie van die beperkings wat hulle daarop wil plaas, berus op 'n wanbegrip van die model. Tog wil ek graag kortliks by 'n paar bestrede toepassings van die model stilstaan.

Alhoewel die rasionaalmodel primêr vir die verklaring van die handelinge van indiwidue ontwerp is, beweer Dray dat dit as gevolg van die aard van die historikus se belangstelling in groepsgedrag en die wyse waarop hy hierdie belangstelling uitdruk, ook vir die verklaring van die handelinge van historiese groepe geskik is.

'n Historiese groep is betreklik homogeen en om baie begryplike redes is die historikus geneig om historiese groepe soos nasies, volkere, politieke partye, leërs en so meer, as entiteite te bekou en soos enkele indiwidue te behandel. 'n Krygshistorikus wat die bewegings van 'n bataljon beskryf, sal byvoorbeeld skryf dat die bataljon teen 'n konstante spoed vorentoe beweeg het.

Die feit dat ses van die soldate agter 'n bos weggekruip het om te rook, is gewoonlik nie van historiese belang nie en word nie aangeteken nie. Die enkele onbelangrike afwykings van die algemene patroon word oor die hoof gesien: die bataljon word as 'n entiteit behandel — 'n soort superagent. Dit is dus ook logies om sy handelinge te verklaar asof hulle dié van 'n indiwidu was. Enige groep mense, ongeag sy grote, wat so 'n historiese entiteit vorm, kan op soortgelyke wyse behandel word.

Daar word soms beweer dat Dray se model nie vir die verklaring van gewoontegerigte handelinge geskik is nie. Streng gesproke is dit korrek, want die onmiddellike korrekte verklaring van so 'n handeling sou wees om te sê dat die agent uit gewoonte

opgetree het. Tog twyfel ek of so 'n verklaring 'n behoefte aan verklaring sal bevredig. 'n Meer bevredigende verklaring sou wel stel dat die handeling gewoonte-gerig is, maar sou ook die aanleer van die gewoonte verklaar, want dit is wat die gehoor wil weet en dit bly tog die uiteindelike rede vir die handeling. Dáárvoor is die rasionaalmodel wel geskik.

Ons het reeds die rasionaalverklaring van irrasionele of onnosele handelinge aangeraak en ek wil slegs volledigheidshalwe vlugtig terugkeer. Volgens Dray se formulering van die model hoef die redes wat in die verklaring opgeneem word slegs subjektief goed te wees — hulle hoef nie objektief goed te wees nie. Deur te wys op die agent se onvolledige kennis, wanindrukke, swak redenasie en so meer, kan ons aan die hand van die rasionaalmodel onnosele handelinge besonder bevredigend verklaar. Die historikus hoef nie die agent se redes vir sy handeling te aanvaar of goed te praat nie: solank hulle werklik die agent se redes vir die handeling was, verklaar hulle die handeling bevredigend.

Dieselfde argument geld ten opsigte van irrasionele handelinge. Nielsen stel dit op baie pittige wyse: "But there is often method in madness. Most of Caligula's and Hitler's acts had a crazy rationale; they were appropriate given their crazy beliefs and insane aims and intentions."[13] Weer eens hoef die historikus nie met die agent se redes saam te stem nie, maar hulle slegs uiteen te sit.

Dit is wel duidelik dat Dray se model nie vir die verklaring van handelinge wat sonder redes geskied, geskik is nie. Tog is dit glad nie 'n ernstige tekortkoming nie, want in sy analise van sinvolle gedrag, wys Winch daarop dat gedrag wat sonder redes geskied, eintlik onverstaanbaar en dus onverklaarbaar is.[14] Die gesonde verstand sal Winch se standpunt bevestig.

Uit hierdie bespreking behoort dit duidelik te wees dat Dray se model tot 'n dieper en vollediger soort geskiedskrywing kan lei. Dit ontsluit vir ons die moontlikheid om historiese agente as mense van vlees en bloed eerder as "figure", masjiene of die marionette van die materie voor te stel. Dit kan ook tot 'n baie leesbare soort geskiedskrywing lei. Dit is ook so dat ons slegs behoorlik daartoe in staat is om etiese oordele oor handelinge van die verlede te vel as ons van die redes vir daardie handelinge bewus is. By my bly daar slegs een probleem in verband met die rasionaalmodel oor, naamlik hoe relevant is dit vir die praktyk van geskiedskrywing oor Suid-Afrika?

Ek is self nie 'n historikus nie en dus is ek huiwerig om 'n finale antwoord op hierdie vraag te waag. Tog wil ek 'n paar algemene opmerkings daaroor maak.

Eerstens, Dray se model is nie vir oorsigsgeskiedskrywing geskik nie: daarvoor is dit te veeleisend en langdradig. 'n Mens sou nie verwag om uitgebreide gebruik van die model in 'n boek soos Van Jaarsveld se *Van Van Riebeeck tot Vorster* aan te tref nie. Aan die ander kant sou 'n mens dit wel gereeld in 'n biografie verwag.

Tweedens, rasionaalverklarings word wel in geskiedskrywing oor Suid-Afrika aangebied. Een van die beste voorbeelde van die soort geskiedskrywing wat Dray se model veronderstel, is Thomas Pakenham se *The Boer War.*[15] Hierdie boek bevat talle rasionaalverklarings en die diepte van sy insigte is myns insiens 'n sprekende voorbeeld van die waarde van hierdie soort geskiedskrywing. Afgesien van sy inhoudelike en stilistiese meriete is hierdie werk 'n belangrike metodologiese bydrae en behoort dit as

13. Kai Nielsen: "Rational Explanations in History", in: Sidney Hook (red.): *Philosophy and History. A Symposium*, pp. 305–306.
14. Peter Winch: *The Idea of a Social Science and its Relation to Philosophy.* (Routledge and Kegan Paul, London, 1971), p. 30.
15. Jonathan Ball Publishers, Johannesburg, 1979.

sodanig bestudeer te word.

Derdens, die keuse van 'n verklaringsmetodologie is absoluut fundamenteel tot geskiedskrywing. Die historikus se hooftaak is nie om verklarings te verskaf nie maar om sy relaas só te beplan en sy feite só te rangskik dat die relaas geen behoefte aan verklaring by sy lesers wek nie. Dit is nie die doel van goeie geskiedskrywing om die leser te verbyster met beskrywings van skynbaar onverstaanbare gebeurtenisse wat eers op 'n later stadium in die relaas verklaar word nie. Só 'n tegniek is meer geskik vir die skrywer van speur- en spanningsverhale as vir 'n historikus. Die historikus moet strewe om sy relaas so te beplan en sy feite so te rangskik dat hy geen behoefte aan verklaring by sy lesers wek nie. Die gebeurtenisse behoort van die begin af, sover moontlik, duidelik saam met die oorsake en/of redes daarvoor uitgelê te word en sodoende te verhoed dat behoefte aan verklaring ontstaan. In hierdie opsig is die Geskiedenis nie soseer 'n verklarende wetenskap nie, maar 'n sinvol-beskrywende wetenskap.

Die handhawing van hierdie standpunt verhoog die status en belang van 'n verklaringsmodel binne die metodologie van die Geskiedneis, en dwing my om tot die gevolgtrekking te kom dat die rasionaalmodel 'n besondere plek het in die teorie van verhalende geskiedskrywing. Dit is nie net 'n *model* vir gebruik wanneer menslike handelinge verklaar moet word nie; dit verskaf praktiese riglyne oor die korrekte struktuur en inhoud van 'n historiese relaas wat oor menslike handelinge gaan.

Ten slotte wil ek weer beklemtoon dat Dray se soort metodologie nie in isolasie beoefen behoort te word nie. Soos ons reeds gesien het, is die rasionaalmodel nie vir alle soorte geskiedskrywing geskik nie, maar selfs in gevalle waar dit wel geskik is, kan 'n eklektiese benadering die historikus se werk net verryk. Sowel materiële faktore as mense speel 'n rol in die verloop van die geskiedenis en 'n oorbeklemtoning van enigeen sal tot verarming en moontlik tot verdraaiing in die historikus se verslag oor die verlede lei. Sowel die Neo-Marxiste as die Strukturaliste maak belangrike bydraes tot die stand van historiese kennis. My ideaal sou wees om hierdie bydraes hul regmatige klem en plek in 'n mensgesentreerde geskiedskrywing te laat inneem. Langs hierdie weg sal 'n mens myns insiens die beste kan vorder na 'n gebalanseerde, volledige en akkurate beeld van die verlede.